44/92

Saak no 297/90

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

S F ERNSTING — APPELLANT

en

SANTAMBANK BEPERK — RESPONDENT

CORAM: :HOEXTER, HEFER ARR et NICHOLAS Wn AR.

AANGEHOOR: 23 MAART 1992.

GELEWER: 27 MAART 1992.

---

UITSPRAAK

/HEFER AR .......

HEFER AR:

Art 16 van die Wet op Kredietooreenkomste 75 van 1980 ("die Wet") het betrekking op die beëindiging of ontbinding van 'n "kredietooreenkoms wat 'n afbetalingsverkooptransaksie is". Dit lui soos volg:

> "16. Waardering van goedere.- (1) Indien 'n kredietooreenkoms wat 'n afbetalingsver=kooptransaksie is, beëindig of ontbind word en die betrokke goedere aan die kredietgewer teruggegee word, is die waarde van daardie goedere vir die doeleindes van hierdie Wet die waarde soos op die datum waarop daardie goedere aldus aan hom teruggegee word, wat deur 'n bevoegde en onbevooroordeelde persoon wat deur die kredietgewer aangewys word, daarop geplaas word: Met dien verstande dat:
>
> (a) indien daardie goedere daarna teen 'n hoër bedrag as die waarde wat aldus daarop geplaas is, verkoop of verhuur word, daardie hoër bedrag as die waarde van daardie goedere vir die doeleindes van hierdie Wet geag word;
>
> (b)...........
>
> (2) Die bepalings van subartikel (1) doen nie afbreuk aan die bevoegdheid van 'n hof nie om die waarde van goedere te bepaal indien die betrokke kredietgewer in gebreke bly om dit ooreenkomstig daardie bepalings te laat doen."

By wyse van 'n ooreenkoms soos in art 16 bedoel, het die appellant ("die verweerder") 'n motor van die

respondent ("die eiser") gekoop. Enkele maande na die aangaan daarvan en nadat die verweerder 'n gedeelte van die koopprys afbetaal het, is die ooreenkoms beëindig en die motor aan die eiser teruggegee. Ene Van der Merwe wat deur die eiser vir daardie doel aangewys is, het die voertuig vir 'n bedrag van R4 500 gewaardeer. Later het die eiser dit vir R5 000 verkoop, die verweerder met daardie bedrag gekrediteer en die balans van die koopsom in die landdroshof van hom gevorder. Die eis is van die hand gewys omdat Van der Merwe, volgens die landdros se bevinding, nie 'n "bevoegde persoon" was soos bedoel in art 16(1) nie. In 'n appèl deur die eiser het die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling bevind dat Van der Merwe inderdaad 'n bevoegde persoon was en die landdros se bevel vervang met vonnis ten gunste van die eiser maar verlof aan die verweerder verleen om na hierdie hof te appelleer.

Twee vrae is tans ter sprake. Die eerste is of

Van der Merwe 'n bevoegde persoon is soos bedoel in art 16(1). Indien die antwoord negatief is, is die tweede vraag wat hierdie hof te doen staan in die lig van die bepalings van art 16(2) aangesien die landdros nie self die waarde van die motor bepaal het nie.

Wat die eerste vraag betref het appellant se advokaat sterk gesteun op Van der Merwe se toegewing by die verhoor dat hy homself nie as 'n deskundige beskou wat die waardasie van motorvoertuie betref nie omdat, soos hy dit uitgedruk het,

> "ek het nie genoegsame ondervinding opgedoen om te kan oordeel wat daardie voertuie werd is nie. Ek is nie op hoogte van sake nie."

Hierdie toegewing is egter geensins deurslaggewend nie. Die Wet vereis nie dat die waardeerder 'n deskundige moet wees nie maar slegs dat hy bevoeg moet wees wat natuurlik veronderstel dat hy oor die nodige kennis en bekwaamheid moet beskik om die waarde van die betrokke

artikel te bepaal. Die vraag is dus nie of Van der Merwe 'n deskundige is nie maar of hy oor sodanige kennis en bekwaamheid beskik. Sy getuienis dat hy ten tyde van die onderhawige waardasie reeds tien jaar ondervinding van die waaardasie van goedere in die algemeen gehad het en dat hy gedurende daardie tyd gemiddeld ongeveer dertig motorvoertuie per maand namens verskeie finansiële instellings waardeer het, is nie weerspreek nie en ook nie onder kruisverhoor betwis nie.

Dieselfde geld vir sy getuienis dat dit sy gebruik was om sy waardasies van motorvoertuie te kontroleer deur navrae oor die waarde daarvan by die agente vir die besondere soort motor en by ander handelaars. Uit die aard van die saak moes hy noodwendig op hierdie wyse ondervinding opgedoen het van die waardasie van tweedehandse motors en redelik kennis opgedoen het van die pryse wat dit in die ope mark behaal. Geen wonder dus dat sy waardasie in die onderhawige geval volkome realisties was nie: dit blyk uit die getuienis dat die

eiser die betrokke motor by wyse van geslote tender verkoop het en dat die laagste tender R4 000 en die hoogste R5 000 was.

As aanduiding van Van der Merwe se onbevoegdheid het appellant se advokaat verder gesteun op sy gebruik waarna reeds verwys is om navraag te doen by agente en ander handelaars. Dit, so lui die betoog, kan enige leek doen wat hoegenaamd geen kennis dra van die waarde van tweedehandse voertuie nie en dit dui daarop dat Van der Merwe nie bevoeg is nie. Ek stem nie saam nie. Word Van der Merwe se getuienis as geheel beskou, is dit duidelik dat sy navrae bloot 'n kontrolemiddel was wat hy versigtigheidshalwe aangewend het omdat hy nie persoonlik by die motorhandel betrokke is nie. Dit dui eerder op aanbevelingswaardige versigtigheid as op onbevoegdheid.

In die lig van die voorafgaande kan ek nie fout vind met die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling se bevinding dat Van der Merwe 'n bevoegde persoon is nie.

Ek moet egter byvoeg dat daar in elk geval voldoende getuienis was om die landdros in staat te stel om die waarde van die voertuig self te bepaal. Ons is meegedeel dat die partye hom nie versoek het om dit te doen nie maar niks het in sy weg gestaan om sy bevoegdheid onder art 16(2) mero motu uit te oefen nie.

Die appèl word van die hand gewys met koste.

J J F HEFER AR.

HOEXTER AR )

STEM SAAM.

NICHOLAS Wn AR)